Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 588 Cape Town, Kaapstad, 2 June 2014 **No. 37712**

THE PRESIDENCY

No. 447 2 June 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

Act No. 23 of 2014: Infrastructure Development Act, 2014

DIE PRESIDENSIE

No. 447 2 Junie 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

Wet No 23 van 2014: Wet op Infrastruktuurontwikkeling, 2014

9 771682 584003 37712

AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

(English text signed by the President)
(Assented to 30 May 2014)

ACT

To provide for the facilitation and co-ordination of public infrastructure development which is of significant economic or social importance to the Republic; to ensure that infrastructure development in the Republic is given priority in planning, approval and implementation; to ensure that the development goals of the state are promoted through infrastructure development; to improve the management of such infrastructure during all life-cycle phases, including planning, approval, implementation and operations; and to provide for matters incidental thereto.

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

Table of Contents

Sections

Part 1

Definitions and objects of Act

1. Definitions
2. Objects and implementation of Act

Part 2

Presidential Infrastructure Coordinating Commission and structures of Commission

3. Structures and composition of Presidential Infrastructure Coordinating Commission
4. Functions of Council
5. Expropriation of land by Commission
6. Management Committee

Part 3

Strategic integrated projects

7. Requirements for strategic integrated projects and designation of Chairpersons of strategic integrated projects
8. Designation and implementation of strategic integrated projects

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 30 Mei 2014)

WET

Om voorsiening te maak vir die vergemakliking en koördinering van openbare infrastruktuurontwikkeling wat van beduidende ekonomiese of maatskaplike belang vir die Republiek is; om te verseker dat infrastruktuurontwikkeling in die Republiek voorkeur geniet in beplanning, goedkeuring en inwerkingstelling; om te verseker dat die ontwikkelingsdoelwitte van die Staat deur infrastruktuurontwikkeling bevorder word; om die bestuur van sodanige infrastruktuur gedurende alle lewensiklusfases te verbeter, met inbegrip van beplanning, goedkeuring, inwerkingstelling en bedrywighede; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Inhoudsopgawe

Artikels

Deel 1

Woordomskrywing en oogmerke van Wet

1. Woordomskrywing
2. Oogmerke en inwerkingstelling van Wet

Deel 2

Presidensiële Kommissie vir Infrastruktuurkoördinasie en strukture van Kommissie

3. Strukture en samestelling van Presidensiële Kommissie vir Infrastruktuurkoördinasie
4. Werksaamhede van Raad
5. Onteiening van grond deur Kommissie
6. Bestuurskomitee

Deel 3

Strategiese geïntegreerde projekte

7. Vereistes van strategiese geïntegreerde projekte en aanwysing van Voorsitters van strategiese geïntegreerde projekte
8. Aanwysing en inwerkingstelling van strategiese geïntegreerde projekte

Part 4

Implementing structures of Commission

9. Secretariat of Commission
10. Functions of Secretariat
11. Main purposes of steering committees
12. Appointment and composition of multidisciplinary steering committees
13. Disqualification from membership of steering committees, disclosure and offences relating thereto
14. Functions of steering committees
15. Approvals, authorisations, licences, permissions and exemptions
16. Steering committees and procedures

Part 5

Processes

17. Processes relating to implementation of strategic integrated projects
18. Environmental assessments

Part 6

General provisions

19. Reporting by Minister
20. Delegation and assignment
21. Regulations, guidelines and targets
22. Transitional provisions and savings
23. Short title and commencement

SCHEDULE 1

(Section 7(1)(a))

Public installations, structures, facilities, systems, services or processes in respect of which projects may be designated as strategic integrated projects

SCHEDULE 2

(Section 17(2))

Process and periods of time

SCHEDULE 3

(Section 22(1))

Strategic integrated projects which exist when this Act commences

Deel 4

Inwerkingstelling van strukture van Kommissie

9. Sekretariaat van Kommissie
10. Werksaamhede van Sekretariaat
11. Hoofdoeleindes van beheerkomitees
12. Aanstelling en samestelling van multidissiplinêre beheerkomitees
13. Onbevoegdheid van lidmaatskap van beheerkomitees, bekendmaking en misdrywe in verband daarmee
14. Werksaamhede van beheerkomitees
15. Goedkeurings, magtigings, lisensies, toestemmings en vrystellings
16. Beheerkomitees en prosedures

Deel 5

Prosesse

17. Prosesse in verband met inwerkingstelling van strategiese geïntegreerde projekte
18. Omgewingsbepalings

Deel 6

Algemene bepalings

19. Verslagdoening deur Minister
20. Delegering en toewysing
21. Regulasies, riglyne en teikens
22. Oorgangsbepalings en voorbehoude
23. Kort titel en inwerkingtreding

BYLAE 1

(Artikel 7(1)(a))

Openbare installasies, strukture, fasiliteite, stelsels, dienste of prosesse ten opsigte waarvan projekte as strategiese geïntegreerde projekte aangewys kan word

BYLAE 2

(Artikel 17(2))

Proses en tydperke

BYLAE 3

(Artikel 22(1))

Strategiese geïntegreerde projekte wat bestaan wanneer hierdie Wet in werking tree

Part 1

Definitions and objects of Act

Definitions

1. In this Act, unless the context indicates otherwise—

"accounting officer or accounting authority" has the meaning assigned to those expressions in the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), and the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No. 56 of 2003);

"applicant" means a person responsible for submitting to the relevant authority an application for an approval, authorisation, licence, permission or exemption relating to a strategic integrated project;

"approval, authorisation, licence, permission or exemption" means any approval, authorisation, licence, permission or exemption which in terms of any relevant law requires one or more of the following—

(a) the consideration of jurisdictional facts;

(b) the consideration of certain requirements or criteria; or

(c) the exercise of a discretion whether or not to grant the approval, authorisation, licence, permission or exemption;

and includes decisions in respect of environmental authorisations, zoning of land or any planning, use or development of land;

"Commission" means the Presidential Infrastructure Coordinating Commission referred to in section 3(2);

"Council" means the Council of the Commission;

"Department" means the Economic Development Department;

"designate", in relation to a strategic integrated project, means the designation in terms of section 8 by the Commission by notice in the *Gazette* of a specific project as a strategic integrated project;

"infrastructure" means installations, structures, facilities, systems, services or processes relating to the matters specified in Schedule 1 and which are part of the national infrastructure plan;

"local industrialisation" means procurement by the State, or a contractor or agency appointed by it, of locally-produced goods or services for an infrastructure project or programme;

"Management Committee" means the committee established by section 6;

"Minister" means the Minister responsible for economic development;

"national infrastructure plan" means a plan adopted by the Commission for the development of public infrastructure;

"person" has the meaning assigned thereto in section 2 of the Interpretation Act, 1957 (Act No. 33 of 1957), and includes any organ of state and also any co-operative, non-governmental organisation, community-based organisation or other organisation or association;

"prescribe" means prescribe by regulation;

"public infrastructure" means infrastructure owned by the state or infrastructure in relation to which a public-private partnership or a concession agreement exists;

"regulation" means any regulation made under this Act;

"Secretariat" means the Secretariat established by section 9;

"SIP" means a strategic integrated project;

"SIP chairperson" means the Minister designated by the Council as responsible for a SIP;

"SIP coordinator" means a person or agency designated by the Commission to coordinate and facilitate the implementation of a strategic integrated project;

"state" includes any organ of state, any public entity listed in Schedule 2 or 3 of the Public Finance Management Act (Act No. 1 of 1999), and any body established by statute;

"steering committee" means a multidisciplinary steering committee appointed in terms of section 12;

"strategic integrated project" means a public infrastructure project or group of projects contemplated in section 7 and may comprise of one or more installation, structure, facility, system, service or process relating to any matter specified in

Deel 1

Woordomskrywing en oogmerke van Wet

Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy die samehang anders aandui, beteken—

"aansoeker" 'n persoon verantwoordelik vir die voorlegging aan die tersaaklike owerheid van 'n aansoek om 'n goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling aangaande 'n strategiese geïntegreerde projek;

"aanwys", met betrekking tot 'n strategiese geïntegreerde projek, die aanwysing ingevolge artikel 8 deur die Kommissie by kennisgewing in die *Staatskoerant* van 'n bepaalde projek as 'n strategiese geïntegreerde projek;

"beheerkomitee" 'n multidissiplinêre beheerkomitee ingevolge artikel 12 aangestel;

"Bestuurskomitee" die komitee by artikel 6 ingestel;

"Departement" die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling;

"goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling" enige goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling wat ingevolge enige tersaaklike wet een of meer van die volgende vereis—

(a) die oorweging van jurisdiksiefeite;

(b) die oorweging van sekere vereistes of maatstawwe; of

(c) die uitoefening van 'n diskresie oor of die goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling toegestaan moet word, al dan nie,

en sluit besluite ten opsigte van omgewingsmagtigings, sonering van grond of enige beplanning, gebruik of ontwikkeling van grond in;

"hierdie Wet" ook enige regulasie, riglyn of teiken ingevolge hierdie Wet gemaak of uitgereik;

"infrastruktuur" installasies, strukture, fasiliteite, stelsels, dienste of prosesse wat verband hou met die aangeleenthede in Bylae 1 vermeld en wat deel van die nasionale infrastruktuurplan is;

"Kommissie" die Presidensiële Kommissie vir Infrastruktuurkoördinasie in artikel 3(2) bedoel;

"Minister" die Minister verantwoordelik vir ekonomiese ontwikkeling;

"nasionale infrastruktuurplan" 'n plan deur die Kommissie aanvaar vir die ontwikkeling van openbare infrastruktuur;

"openbare infrastruktuur" infrastruktuur in besit van die Staat of infrastruktuur in verband waarmee 'n openbare-privaat vennootskap of 'n konsessie-ooreenkoms bestaan;

"persoon" dit wat in artikel 2 van die Interpretasiewet, 1957 (Wet No. 33 van 1957), daaraan toegeskryf word en ook enige staatsorgaan en ook enige koöperasie, nieregeringsorganisasie, gemeenskapsgebaseerde organisasie of ander organisasie of vereniging;

"plaaslike industrialisasie" verkryging deur die Staat, of 'n kontrakteur of agentskap daardeur aangestel, van plaaslik vervaardigde goedere of dienste vir 'n infrastruktuurprojek of program;

"Raad" die Raad van die Kommissie;

"regulasie" enige regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig;

"rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag" dit wat in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003), aan daardie uitdrukkings toegeskryf word;

"Sekretariaat" die Sekretariaat by artikel 9 ingestel;

"SIP" 'n strategiese geïntegreerde projek;

"SIP-koördineerder" 'n persoon of agentskap deur die Raad aangewys om die inwerkingstelling van 'n strategiese geïntegreerde projek te vergemaklik;

"SIP-voorsitter" die Minister deur die Kommissie aangewys as verantwoordelik vir 'n SIP;

"Staat" ook enige staatsorgaan, enige openbare entiteit in Bylae 2 of 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), gelys en enige statutêre liggaam;

"strategiese geïntegreerde projek" 'n openbare infrastruktuurprojek of groep projekte in artikel 7 beoog en kan uit een of meer installasie, struktuur, fasiliteit,

Schedule 1 or which had been added by the Council in terms of section 7(1)*(a)*; and **"this Act"** includes any regulation, guideline or target made or issued in terms of this Act.

Objects and implementation of Act

2. (1) The objects of this Act are to provide for—
(a) the existence of the Presidential Infrastructure Coordinating Commission and its structures which must perform the functions provided for in this Act;
(b) the identification and implementation of strategic integrated projects which are of significant economic or social importance to the Republic or a region in the Republic or which facilitate regional economic integration on the African continent, thereby giving effect to the national infrastructure plan;
(c) the alignment and dedication of capabilities and resources for the effective implementation and operation of strategic integrated projects across the state in order to ensure coherence and the expeditious completion of infrastructure build and maintenance programmes;
(d) the appointment of relevant Ministers to chair strategic integrated projects;
(e) the establishment, appointment and functioning of steering committees to provide technical support and oversight for strategic integrated projects;
(f) processes and periods of time applicable to the implementation of strategic integrated projects;
(g) a statutory instrument by which any approval, authorisation, licence, permission or exemption required in terms of other legislation can be facilitated and expedited;
(h) a statutory instrument by which obstacles to the expeditious implementation of the national infrastructure plan can be unblocked; and
(i) generally, practices and procedures which seek to ensure that infrastructure development is not undertaken merely in a transactional manner, but in a manner which seeks to advance national development goals, including local industrialisation, skills development, job creation, youth employment, small business and cooperatives development, broad-based economic empowerment and regional economic integration.

(2) Any person exercising a power in terms of this Act must do so in a manner that is consistent with the Constitution and, in particular, with the functional competences of the different spheres of government.

Part 2

Presidential Infrastructure Coordinating Commission and structures of Commission

Structures and composition of Presidential Infrastructure Coordinating Commission

3. (1) *(a)* The Presidential Infrastructure Coordinating Commission which exists when this Act takes effect continues to exist.
(b) The Commission acts through its Council.
(2) The Commission has—
(a) a Council;
(b) a Management Committee;
(c) a Secretariat; and
(d) a Chairperson, coordinator and steering committee for each strategic integrated project.
(3) The Council has the following members:
(a) The President;
(b) the Deputy President;
(c) Ministers designated by the President;
(d) the Premiers of the Provinces; and

stelsel, diens of proses bestaan wat op enige aangeleentheid wat in Bylae 1 vermeld word, betrekking het of wat ingevolge artikel 7(1)*(a)* deur die Raad bygevoeg is; en **"voorskryf"** by regulasie voorskryf.

Oogmerke en inwerkingstelling van Wet

2. (1) Die oogmerke van hierdie Wet is om voorsiening te maak vir—

(a) die bestaan van die Presidensiële Kommissie vir Infrastruktuurkoördinasie en die strukture daarvan wat die werksaamhede waarvoor hierdie Wet voorsiening maak, moet verrig;

(b) die identifikasie en inwerkingstelling van strategiese geïntegreerde projekte wat van beduidende ekonomiese of maatskaplike belang vir die Republiek of 'n streek in die Republiek is of wat streeks-ekonomiese integrasie op die kontinent van Afrika vergemaklik en daardeur aan die nasionale infrastruktuurplan gevolg gee;

(c) die inlynstelling en toewyding van vermoëns en hulpbronne vir die doeltreffende inwerkingstelling en bedryf van strategiese geïntegreerde projekte regoor die Staat ten einde samehang en die spoedige voltooiing van infrastruktuur bou- en instandhoudingsprogramme te verseker;

(d) die aanstelling van tersaaklike Ministers om voor te sit oor strategiese geïntegreerde projekte;

(e) die inwerkingstelling, aanstelling en werking van beheerkomitees om tegniese ondersteuning en toesig vir strategiese geïntegreerde projekte te voorsien;

(f) prosesse en tydperke van toepassing op die inwerkingstelling van strategiese geïntegreerde projekte;

(g) 'n statutêre instrument wat enige goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling wat ingevolge ander wetgewing vereis word, kan vergemaklik en bespoedig;

(h) 'n statutêre instrument waarmee hindernisse vir die vlot inwerkingstelling van die nasionale infrastruktuurplan uit die weg geruim kan word; en

(i) oor die algemeen, praktyke en prosedures wat beoog om te verseker dat infrastruktuurontwikkeling nie bloot op 'n transaksionele wyse onderneem word nie, maar op 'n wyse wat beoog om nasionale ontwikkelingsdoelwitte te bevorder, met inbegrip van plaaslike industrialisasie, vaardigheids-ontwikkeling, werkskepping, jeugwerkverskaffing, ontwikkeling van klein ondernemings en koöperasies, breëbasis- ekonomiese bemagtiging en streekekonomiese integrasie.

(2) 'n Persoon wat 'n bevoegdheid ingevolge hierdie Wet uitoefen, moet dit op 'n wyse doen wat met die Grondwet bestaanbaar is en, in die besonder, met die funksionele bevoegdhede van die verskillende regeringsfere.

Deel 2

Presidensiële Kommissie vir Infrastruktuurkoördinasie en strukture van Kommissie

Strukture en samestelling van Presidensiële Kommissie vir Infrastruktuur-koördinasie

3. (1) *(a)* Die Presidensiële Kommissie vir Infrastruktuurkoördinasie wat bestaan wanneer hierdie Wet in werking tree, bestaan voort.

(b) Die Kommissie handel deur sy Raad.

(2) Die Kommissie het—

(a) 'n Raad*;*

(b) 'n Bestuurskomitee;

(c) 'n Sekretariaat; en

(d) 'n Voorsitter, koördineerder en beheerkomitee vir elke strategiese geïntegreerde projek.

(3) Die Raad het die volgende lede:

(a) Die President;

(b) die Adjunkpresident;

(c) Ministers deur die President aangewys;

(d) die Premiers van die provinsies; en

(e) the Executive Mayors of metropolitan councils as well as the chairperson of the South African Local Government Association recognised in terms of the Organised Local Government Act, 1997 (Act No. 52 of 1997), as the national organisation representing municipalities.

(4) The President, or in his or her absence the Deputy President, is the chairperson of the Council.

(5) A decision by the majority of the members present at a meeting of the Commission is a decision of the Council.

(6) The Council may determine its own procedures to be followed at its meetings and in the pursuance of the objectives of this Act, and may, in respect of any structure of the Commission, determine such procedures.

(7) The Commission may secure such services, assistance or advice from any person as it considers necessary to assist it to perform any of its functions.

Functions of Council

4. The functions of the Council are to—

(a) coordinate the development, maintenance, implementation and monitoring of the national infrastructure plan;

(b) coordinate the determination of priorities for infrastructure development;

(c) designate strategic integrated projects contemplated in section 7 and designate SIP Chairpersons and SIP coordinators for them;

(d) ensure that infrastructure development in respect of any strategic integrated project is given priority in planning, approval and implementation;

(e) ensure co-operation between organs of state affected by projects undertaken;

(f) coordinate the identification of strategic international partners with which to conclude agreements which seek to promote the objects of this Act;

(g) identify—

(i) the current and future needs and related priorities in relation to infrastructure development of the Republic, or in the region as it relates to the Republic;

(ii) any legislation and other regulatory measures that impede or may impede infrastructure development, and advise the executive authority of the relevant sphere of government;

(iii) the direct and indirect impact of any strategic integrated project on job creation, youth employment and economic inclusiveness, including in relation to women and persons with disabilities;

(iv) the direct and indirect impact of any strategic integrated project on economic equality and social cohesion;

(v) financial matters that may impact on infrastructure development and maintenance; and

(vi) the social impact of strategic integrated projects;

(h) evaluate existing infrastructure with a view to improving planning, procurement, construction, operations and maintenance;

(i) consider proposals for infrastructure development and maintenance;

(j) promote investment and identify and develop strategies to cause the removal of impediments to investment;

(k) generally encourage and facilitate economic and industrial development connected with infrastructure or any strategic integrated project;

(l) promote the creation of decent employment opportunities and skills development, training and education, especially for historically disadvantaged persons and communities, women and persons with disabilities, in so far as it relates to infrastructure and any strategic integrated project;

(m) address in all phases of a strategic integrated project, including its planning, implementation, operation and maintenance phases, capacity constraints and

(e) die Uitvoerende Burgemeesters van metropolitaanse rade asook die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging wat ingevolge die Wet op Georganiseerde Plaaslike Regering, 1997 (Wet No. 52 van 1997), as die nasionale organisasie wat munisipaliteite verteenwoordig, erken word.

(4) Die President, of die Adjunkpresident in sy of haar afwesigheid, is die voorsitter van die Raad.

(5) 'n Besluit deur die meerderheid van die lede teenwoordig by 'n vergadering van die Kommissie is 'n besluit van die Raad.

(6) Die Raad kan self die prosedures wat by sy vergaderings en in die navolging van die oogmerke van hierdie Wet gevolg moet word, bepaal en kan, ten opsigte van enige struktuur van die Kommissie, sodanige prosedures bepaal.

(7) Die Kommissie kan sodanige dienste, bystand of raad van enige persoon kry wat hy nodig mag ag om hom in die verrigting van enige van sy werksaamhede by te staan.

Werksaamhede van Raad

4. Die werksaamhede van die Raad is om—

(a) die ontwikkeling, instandhouding, inwerkingstelling en monitering van die nasionale infrastruktuurplan te koördineer;

(b) die bepaling van prioriteite vir infrastruktuurontwikkeling te koördineer;

(c) strategiese geïntegreerde projekte in artikel 7 beoog aan te wys en SIP-voorsitters en SIP-koördineerders daarvoor aan te wys;

(d) te verseker dat infrastruktuurontwikkeling ten opsigte van enige strategiese geïntegreerde projek voorkeur geniet in beplanning, goedkeuring en inwerkingstelling;

(e) samewerking te verseker tussen staatsorgane wat deur onderneemde projekte geraak word;

(f) die identifikasie van strategiese internasionale vennote te koördineer waarmee ooreenkomste aangegaan kan word wat die bevordering van die oogmerke van hierdie Wet beoog;

(g) (i) die huidige en toekomstige behoeftes en verwante prioriteite met betrekking tot infrastruktuurontwikkeling van die Republiek, of in die streek soos dit op die Republiek betrekking het, te identifiseer;

(ii) enige wetgewing en ander reguleringsmaatreëls wat infrastruktuurontwikkeling belemmer of kan belemmer, te identifiseer en die uitvoerende owerheid van die tersaaklike regeringsfeer van raad te bedien;

(iii) die regstreekse en onregstreekse invloed van enige strategiese geïntegreerde projek op werkskepping, jeugwerkverskaffing en ekonomiese inklusiwiteit, te identifiseer, met inbegrip van die invloed op vroue en persone met gestremdhede;

(iv) die regstreekse en onregstreekse invloed van enige strategiese geïntegreerde projek op ekonomiese gelykheid en maatskaplike samehorigheid, te identifiseer;

(v) finansiële aangeleenthede wat 'n invloed op infrastruktuurontwikkeling en instandhouding kan hê, te identifiseer; en

(vi) die maatskaplike invloed van strategiese geïntegreerde projekte te identifiseer;

(h) bestaande infrastruktuur te evalueer met die oog op die verbetering van beplanning, verkryging, konstruksie, bedrywighede en instandhouding;

(i) voorstelle vir infrastruktuurontwikkeling en instandhouding te oorweeg;

(j) belegging te bevorder en strategieë te identifiseer en te ontwikkel om struikelblokke vir belegging uit die weg te laat ruim;

(k) ekonomiese en industriële ontwikkeling wat met infrastruktuur of enige strategiese geïntegreerde projek gekoppel is oor die algemeen aan te moedig en te vergemaklik;

(l) die skepping van ordentlike werksgeleenthede en vaardigheidsontwikkeling, opleiding en onderwys te bevorder, veral vir histories benadeelde persone en gemeenskappe, vroue en persone met gestremdhede, in soverre dit met infrastruktuur en enige strategiese geïntegreerde projek verband hou;

(m) in alle fases van 'n strategiese geïntegreerde projek, met inbegrip van die beplannings-, inwerkingstellings-, bedryfs- en instandhoudingsfases, beperkings op kapasiteit en blokkasies van infrastruktuurontwikkeling te

blockages to infrastructure development and improve coordination and integration within strategic integrated projects; and

(n) develop and issue guidelines and frameworks to facilitate and align the implementation of strategic integrated projects.

Expropriation of land by Commission

5. (1) For the purposes of implementing a strategic integrated project, the Commission may expropriate land or any right in, over or in respect of land in terms of the Expropriation Act, 1975 (Act No. 63 of 1975), and, subject to the provisions of this section, the provisions of the Expropriation Act, 1975, apply to any expropriation in terms of this Act.

(2) The Commission may only expropriate land or any right in, over or in respect of land after consultation with the organ of state in whose favour the expropriation is to be made.

(3) Notwithstanding the provisions of the Expropriation Act, 1975, an expropriation in terms of subsection (1), may be effected—

(a) for a public purpose or in the public interest;

(b) by the Commission or, at its request, by the Minister of Public Works or by such other Minister as may be determined by the Commission.

Management Committee

6. (1) The Management Committee of the Commission is hereby established.

(2) The Management Committee and its chairperson are appointed by the President and consist of such members of the Council as the President may determine.

(3) *(a)* The Management Committee must support the Council to carry out its functions.

(b) The functions of the Management Committee include—

(i) ensuring that decisions of the Council are given effect to;

(ii) overseeing the functions performed by the Secretariat;

(iii) monitoring the implementation of strategic integrated projects, subject to the guidance and direction of the Council;

(iv) ensuring coordinated regulatory approvals;

(v) considering reports submitted to it by the Secretariat;

(vi) requesting the Secretariat to undertake particular investigations and to provide analyses of and make recommendations on issues relating to the implementation of infrastructure development;

(vii) reviewing reports and making recommendations to the Council to ensure the harmonisation and improvement of implementation actions, policies, and laws relating to infrastructure development and investment in infrastructure;

(viii) taking such decisions as the Council may assign to it; and

(ix) performing any other function of the Council delegated or assigned to it by the Council.

(4) The Council may determine any matter necessary for the proper functioning of the Management Committee.

(5) Subject to subsection (4), the Management Committee may determine its own procedures to be followed at its meetings.

(6) The Management Commission must report regularly to the Council.

Part 3

Strategic integrated projects

Requirements for strategic integrated projects and designation of Chairpersons of strategic integrated projects

7. (1) A project or group of projects qualifies as a strategic integrated project for the purposes of this Act if—

hanteer en koördinasie en integrasie met strategiese geïntegreerde projekte te verbeter; en

(n) riglyne en raamwerke te ontwikkel en uit te reik om die inwerkingstelling van strategiese geïntegreerde projekte te vergemaklik en in ooreenstemming te bring.

Onteiening van grond deur Kommissie

5. (1) Die Kommissie kan, vir die doeleindes van die inwerkingstelling van 'n strategiese geïntegreerde projek, grond of enige reg in, op of ten opsigte van grond, onteien ingevolge die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), en, behoudens die bepalings van hierdie artikel, is die bepalings van die Onteieningswet, 1975, van toepassing op enige onteiening ingevolge hierdie Wet.

(2) Die Kommissie kan slegs grond of enige reg in, op of ten opsigte van grond onteien na oorleg met die staatsorgaan ten gunste van wie die onteiening gedoen gaan word.

(3) Ondanks die bepalings van die Onteieningswet, 1975, kan 'n onteiening ingevolge subartikel (1) gedoen word—

(a) vir 'n openbare doel of in die openbare belang;

(b) deur die Kommissie of, op versoek van die Kommissie, deur die Minister van Openbare Werke of deur sodanige ander Minister wat die Kommissie kan bepaal.

Bestuurskomitee

6. (1) Die Bestuurskomitee van die Kommissie word hierby ingestel.

(2) Die Bestuurskomitee en sy voorsitter word deur die President aangestel en bestaan uit sodanige lede van die Raad wat die President bepaal.

(3) *(a)* Die Bestuurskomitee moet die Kommissie ondersteun in die verrigting van sy werksaamhede.

(b) Die werksaamhede van die Bestuurskomitee sluit in—

(i) om te verseker dat gevolg aan besluite van die Raad gegee word;

(ii) om toesig uit te oefen oor die werksaamhede wat die Sekretariaat verrig;

(iii) om die inwerkingstelling van strategiese geïntegreerde projekte te monitor, behoudens die leiding en opdragte van die Raad;

(iv) om gekoördineerde reguleringsgoedkeurings te verseker;

(v) om verslae deur die Sekretariaat daaraan voorgelê, te oorweeg;

(vi) om te versoek dat die Sekretariaat bepaalde ondersoeke doen en analises voorsien van en aanbevelings doen oor kwessies wat met die inwerkingstelling van infrastruktuurontwikkeling verband hou;

(vii) om verslae te hersien en aanbevelings aan die Raad te doen om die harmonisering en verbetering van stappe, beleid, en wette vir inwerkingstelling aangaande infrastruktuurontwikkeling en belegging in infrastruktuur, te verseker;

(viii) om sodanige besluite wat die Raad daaraan toewys, te neem; en

(ix) enige ander werksaamheid van die Raad te verrig wat die Raad daaraan delegeer of opdra.

(4) Die Raad kan enige aangeleentheid nodig vir die behoorlike werking van die Bestuurskomitee, bepaal.

(5) Behoudens subartikel (4), kan die Bestuurskomitee self die prosedures wat by sy vergaderings gevolg moet word, bepaal.

(6) Die Bestuurskomitee moet gereeld aan die Raad verslag doen.

Deel 3

Strategiese geïntegreerde projekte

Vereistes vir strategiese geïntegreerde projekte en aanwysing van voorsitters van strategiese geïntegreerde projekte

7. (1) 'n Projek of groep projekte kwalifiseer by die toepassing van hierdie Wet as 'n strategiese geïntegreerde projek indien—

(a) it comprises of one or more installation, structure, facility, system, service or process relating to any matter specified in Schedule 1 or such additions to that Schedule as the Council may decide and has published by notice in the *Gazette*;

(b) it complies with any of the following criteria:

(i) It would be of significant economic or social importance to the Republic;

(ii) it would contribute substantially to any national strategy or policy relating to infrastructure development; or

(iii) it is above a certain monetary value determined by the Commission; and

(c) the Commission has included the project in the national infrastructure plan and has, in terms of section 8, designated the project as a strategic integrated project.

(2) The Commission may for the purposes of subsection (1)*(b)*(iii) determine different values for different types of strategic integrated projects or for different categories of strategic integrated projects.

(3) A strategic integrated project may include infrastructure that is not public infrastructure, provided it is with the consent of the owner.

(4) The Council must designate as Chairperson of a strategic integrated project the Minister under whose portfolio a strategic integrated project falls or, where different components of a strategic integrated project fall under different portfolios, such Minister as the Council may determine as principally responsible for the strategic integrated project.

(5) The SIP Chairperson shall as soon as possible after the Council has designated a strategic integrated project—

(a) convene and chair a forum of executive authorities that are involved in the strategic integrated project from the three spheres of government;

(b) coordinate implementation of the strategic integrated project that she or he chairs;

(c) ensure that the steering committee of the strategic integrated project provides information as required by the Secretariat; and

(d) promote the alignment of relevant government activities in support of implementation, operation and maintenance of the strategic integrated project.

Designation and implementation of strategic integrated projects

8. (1) The Commission may, by notice in the *Gazette*—

(a) designate strategic integrated projects for the purposes of this Act; and

(b) amend the designation of a strategic integrated project.

(2) If the Commission designates a strategic integrated project which must be implemented, it must determine whether the state has the capacity to implement the project or whether the whole or part of the project must be put out to tender or procured through another form of procurement allowed by the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999).

(3) *(a)* Such Minister as the Commission may determine must, whenever the Commission decides that a strategic integrated project or any part thereof must be implemented and put out to tender by notice in the *Gazette* and in at least one national newspaper, request the relevant accounting officers or accounting authorities to call for such tenders.

(b) The request to the relevant accounting officers or accounting authorities must be made in consultation with the Members of Cabinet responsible for the portfolios under which the infrastructure components fall.

(4) *(a)* Every organ of state must ensure that its future planning or implementation of infrastructure or its future spatial planning and land use is not in conflict with any strategic integrated project implemented in terms of this Act.

(b) Paragraph *(a)* does not derogate from any power of a province or municipality to implement any infrastructure project which falls outside the ambit of a strategic integrated project.

(a) dit uit een of meer installasie, struktuur, fasiliteit, stelsel, diens of proses bestaan wat op enige aangeleentheid in Bylae 1 vermeld of sodanige byvoegings tot daardie Bylae waarop die Raad kan besluit en by kennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer het, betrekking het;

(b) dit aan enige van die volgende maatstawwe voldoen:

(i) Dit van noemenswaardige ekonomiese of maatskaplike belang vir die Republiek sal wees;

(ii) dit wesenlik sal bydra tot enige nasionale strategie of beleid oor infrastruktuurontwikkeling; of

(iii) dit meer is as 'n sekere geldwaarde deur die Kommissie bepaal; en

(c) die Kommissie die projek in die nasionale infrastruktuurplan ingesluit het en die projek, ingevolge artikel 8, as 'n strategiese geïntegreerde projek aangewys het.

(2) Die Kommissie kan by die toepassing van subartikel (1)*(b)*(iii) verskillende waardes vir verskillende tipes strategiese geïntegreerde projekte of vir verskillende kategorieë strategiese geïntegreerde projekte, bepaal.

(3) 'n Strategiese geïntegreerde projek kan infrastruktuur insluit wat nie openbare infrastruktuur is nie, met dien verstande dat die eienaar se toestemming verkry is.

(4) Die Raad moet die Minister onder wie se portefeulje 'n strategiese geïntegreerde projek val as Voorsitter van 'n strategiese geïntegreerde projek aanwys, of waar verskillende komponente van 'n strategiese geïntegreerde projek onder verskillende portefeuljes val, sodanige Minister wat die Raad bepaal hoofsaaklik vir die strategiese geïntegreerde projek verantwoordelik is.

(5) Die SIP-voorsitter moet so gou doenlik nadat die Raad 'n strategiese geïntegreerde projek aangewys het—

(a) 'n forum van uitvoerende owerhede uit drie regeringsfere wat by die strategiese geïntegreerde projek betrokke is, saamroep en daaroor voorsit;

(b) inwerkingstelling van die strategiese geïntegreerde projek waarvan hy of sy die voorsitter is, koördineer;

(c) verseker dat die beheerkomitee van die strategiese geïntegreerde projek inligting verstrek soos deur die Sekretariaat benodig; en

(d) die ooreenstemming van regeringsaktiwiteite bevorder ter ondersteuning van die inwerkingstelling, bedryf en instandhouding van die strategiese geïntegreerde projek.

Aanwysing en inwerkingstelling van strategiese geïntegreerde projekte

8. (1) Die Kommissie kan, by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(a) strategiese geïntegreerde projekte vir die doeleindes van hierdie Wet aanwys; en

(b) die aanwysing van 'n strategiese geïntegreerde projek wysig.

(2) Indien die Kommissie 'n strategiese geïntegreerde projek aanwys wat in werking gestel moet word, moet dit bepaal hetsy die Staat die kapasiteit het om die projek in werking te stel of hetsy tenders vir die geheel of 'n deel van die projek aangevra moet word of deur 'n ander vorm van verkryging deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 of 1999), toegelaat, verkry moet word.

(3) *(a)* Sodanige Minister soos die Kommissie kan bepaal moet, wanneer die Kommissie besluit dat 'n strategiese geïntegreerde projek of enige deel daarvan in werking gestel moet word en tenders aangevra moet word by kennisgewing in die *Staatskoerant* en in ten minste een nasionale koerant, versoek dat die tersaaklike rekenpligtige beamptes of rekenpligtige owerhede die tenders aanvra.

(b) Die versoek aan die tersaaklike rekenpligtige beamptes of rekenpligtige owerhede moet in oorleg met die Kabinetsministers verantwoordelik vir die portefeuljes waaronder die infrastruktuurkomponente val, gedoen word.

(4) *(a)* Elke staatsorgaan moet verseker dat sy toekomsbeplanning of inwerkingstelling van infrastruktuur of sy toekomstige ruimtelike beplanning en grondgebruik nie in stryd is met enige strategiese projek wat ingevolge hierdie Wet in werking gestel is nie.

(b) Paragraaf *(a)* doen nie afbreuk aan enige bevoegdheid van 'n provinsie of munisipaliteit om enige infrastruktuurprojek in werking te stel wat buite die bestek van 'n strategiese geïntegreerde projek val nie.

(c) Any dispute which arises in the application of paragraph *(a)* must be resolved in terms of the Intergovernmental Relations Framework Act, 2005 (Act No. 13 of 2005), subject to any national legislation regulating spatial planning and land use management.

Part 4

Implementing structures of Commission

Secretariat of Commission

9. (1) The Secretariat of the Commission is hereby established.
(2) The Secretariat is appointed by the President and consists of—
(a) the Minister as chairperson of the Secretariat; and
(b) such Ministers and Deputy Ministers as the President may determine.

Functions of Secretariat

10. The Secretariat must—
(a) enable and facilitate operations relating to the implementation and long term operation of any strategic integrated project;
(b) coordinate the implementation of any strategic integrated project;
(c) appoint members to a steering committee;
(d) appoint a SIP coordinator to chair the steering committee for a strategic integrated project and to coordinate and facilitate the implementation of the strategic integrated project;
(e) ensure that members of a steering committee have the necessary skills and capabilities to properly perform their functions;
(f) issue guidelines relating to the manner in which a steering committee must perform its functions;
(g) drive and direct the work of a steering committee;
(h) interact with and ensure coordinated interaction within steering committees;
(i) ensure the successful finalisation of the work of a steering committee;
(j) manage the implementation of the day to day work of the Commission and regularly report to the Management Committee and to the Council; and
(k) perform such other functions as the Management Committee and the Council may assign to it.

Main purposes of steering committees

11. The main purposes of a steering committee are, for all phases in the implementation and operation of a strategic integrated project—
(a) to develop mechanisms to identify and determine the different projects which constitute a strategic integrated project, and submit them for approval by the Secretariat;
(b) to identify ways and means of giving effect, in the most effective, efficient and expeditious manner, to the Commission's decision to implement a strategic integrated project and in so doing, to ensure the prompt compliance with all applicable laws;
(c) within a period specified by the Minister, to develop and adopt a project plan for approval by the Secretariat for the implementation of the strategic integrated project in the most effective and expeditious manner;
(d) to facilitate and monitor the implementation of the strategic integrated project;
(e) to coordinate the work of all members of the steering committee;
(f) to meet regularly with the SIP Chairperson; and
(g) to serve as a one-stop-shop where any matter relating to the implementation of a strategic integrated project can be resolved.

(c) Enige geskil wat by die inwerkingstelling van paragraaf *(a)* ontstaan, moet ingevolge die ''Intergovernmental Relations Framework Act, 2005'' (Wet No. 13 van 2005), besleg word, behoudens enige nasionale wetgewing wat ruimtelike beplanning en grondgebruikbestuur reguleer.

Deel 4

Inwerkingstelling van strukture van Kommissie

Sekretariaat van Kommissie

9. (1) Die Sekretariaat van die Kommissie word hierby ingestel.
(2) Die Sekretariaat word deur die President aangestel en bestaan uit—
(a) die Minister as voorsitter van die Sekretariaat; en
(b) sodanige Ministers en Adjunkministers wat die President bepaal.

Werksaamhede van Sekretariaat

10. Die Sekretariaat moet—
(a) bedrywighede in verband met die inwerkingstelling en langtermyn bedryf van enige strategiese geïntegreerde projek begin en vergmaklik;
(b) die inwerkingstelling van enige strategiese geïntegreerde projek koördineer;
(c) lede tot 'n beheerkomitee aanstel;
(d) 'n SIP-koördineerder aanstel om voor te sit oor die beheerkomitee vir 'n strategiese geïntegreerde projek en om die inwerkingstelling van die strategiese geïntegreerde projek te koördineer en te vergemaklik;
(e) verseker dat lede van 'n beheerkomitee die nodige vaardighede en vermoëns het om hul werksaamhede behoorlik te verrig;
(f) riglyne uitreik oor die wyse waarop 'n beheerkomitee sy werksaamhede moet verrig;
(g) die werk van 'n beheerkomitee aandryf en rig;
(h) in wisselwerking wees met en gekoördineerde wisselwerking binne beheerkomitees verseker;
(i) die suksesvolle afhandeling van die werk van 'n beheerkomitee verseker;
(j) die inwerkingstelling van die dag-tot-dag werk van die Kommissie bestuur en gereeld aan die Bestuurskomitee en die Raad verslag doen; en
(k) sodanige ander werksaamhede verrig wat die Bestuurskomitee en die Raad daaraan kan opdra.

Hoofdoeleindes van beheerkomitees

11. Die hoofdoeleindes van 'n beheerkomitee is, vir alle fases in die inwerkingstelling en bedryf van 'n strategiese geïntegreerde projek—
(a) om meganismes te ontwikkel om die verskillende projekte wat 'n strategiese geïntegreerde projek daarstel, te identifiseer en te bepaal en hulle vir goedkeuring aan die Sekretariaat voor te lê;
(b) om maniere te identifiseer om gevolg te gee, so doeltreffend en effektief as moontlik, aan die Kommissie se besluit om 'n strategiese geïntegreerde projek in werking te stel en sodoende onmiddellike voldoening aan alle toepaslike wette te verseker;
(c) binne 'n tydperk deur die Minister bepaal, 'n projekplan ontwikkel en aanvaar vir goedkeuring deur die Sekretariaat vir die inwerkingstelling van die strategiese geïntegreerde projek op die mees doeltreffende en spoedige wyse;
(d) om die inwerkingstelling van die strategiese geïntegreerde projek te vergemaklik en te monitor;
(e) om die werk van alle lede van die beheerkomitee te koördineer;
(f) om gereeld met die SIP-voorsitter te vergader; en
(g) om as 'n eenstopwinkel te dien waar enige aangeleentheid aangaande die inwerkingstelling van 'n strategiese geïntegreerde projek opgelos kan word.

Appointment and composition of multidisciplinary steering committees

12. (1) A steering committee consists of the SIP coordinator as described in section 10*(d)* and of persons representing departments and other organs of state affected by the strategic integrated project, and may consist of, among others—

(a) officials representing departments in the three spheres of government responsible for environment, water, public works, finance, economic development, spatial planning, land use management or any other relevant portfolio or representing any other person who will be required to grant an approval, authorisation, exemption, licence, permission or exemption necessary for the implementation of the strategic integrated project;

(b) a member of the Construction Industry Development Board established by section 2 of the Construction Industry Development Board Act, 2000 (Act No. 38 of 2000); and

(c) any other person appointed by the Secretariat based on expert knowledge or skills.

(2) The SIP coordinator is the chairperson of the steering committee.

(3) In the event that the SIP coordinator is an entity, that entity shall nominate for approval by the Secretariat a suitably qualified individual to act as chair of the steering committee.

(4) The Director-General or accounting authority of a public entity responsible for an aspect of infrastructure remains the accounting officer or accounting authority in terms of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), the Preferential Procurement Policy Framework Act, 2000 (Act No. 5 of 2000), or the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No. 56 of 2003).

(5) A member of a steering committee must have the relevant knowledge, skills and experience in his or her field of work so as to enable the steering committee to perform its functions effectively and expeditiously.

(6) A member of a steering committee—

(a) has, subject to section 20(4), the authority to take decisions on behalf of the organ of state he or she represents, excluding any decision to grant an approval, authorisation, licence, permission or exemption; and

(b) has direct access to the head of the organ of state he or she represents, the Management Committee and the Secretariat and any of its members.

(7) *(a)* A member of the steering committee must be available at all times to perform his or her functions as a member of the steering committee.

(b) Membership of a steering committee may not be delegated without the approval of the Council.

(8) The Secretariat may, on good cause shown and following a recommendation by a steering committee—

(a) appoint additional members to the steering committee; and

(b) secure the services of or assistance or advice from any person who is not a member of the committee.

(9) The Council may at any stage of the implementation of a strategic integrated project reconstitute the steering committee in order for it to reflect the necessary skills and expertise required for the implementation of the particular stage.

(10) The Secretariat must dissolve a steering committee upon completion of its functions.

Disqualification from membership of steering committees, disclosure and offences relating thereto

13. (1) For the purposes of this section—

"family member" means—

(a) a person who is related to the member of the steering committee biologically or by statutory law including affinity by marriage, adoption or foster care, or by customary or religious law or custom, covering a husband, wife, parent, sibling, child, nephew, niece, uncle, aunt, first cousin, grandparent and grandchild; or

(b) a life partner;

Aanstelling en samestelling van multidissiplinêre beheerkomitees

12. (1) 'n Beheerkomitee bestaan uit die SIP-koördineerder soos in artikel 10*(d)* beskryf en uit persone wat departemente en ander staatsorgane verteenwoordig wat deur die strategiese geïntegreerde projek geraak word, en kan onder andere bestaan uit—

(a) beamptes wat departemente in die drie regeringsfere verantwoordelik vir omgewing, water, openbare werke, finansies, ekonomiese ontwikkeling, ruimtelike beplanning, grondgebruikbestuur of enige ander tersaaklike portefeulje verteenwoordig of wat enige ander persoon verteenwoordig van wie vereis sal word om goedkeuring, magtiging, vrystelling, lisensie, toestemming of vrystelling nodig vir die inwerkingstelling van die strategiese geïntegreerde projek, toe te staan;

(b) 'n lid van die Konstruksienywerheid- Ontwikkelingsraad, ingestel by artikel 2 van die ''Construction Industry Development Board Act, 2000'' (Wet No. 38 van 2000); en

(c) enige ander persoon deur die Sekretariaat aangestel op grond van deskundigheid of vaardighede.

(2) Die SIP-koördineerder is die voorsitter van die beheerkomitee.

(3) Indien 'n SIP-koördineerder 'n entiteit is, moet daardie entiteit 'n individu met die gepaste kwalifikasies benoem om as voorsitter van die beheerkomitee op te tree.

(4) Die Direkteur-generaal of rekenpligtige gesag van 'n openbare entiteit verantwoordelik vir 'n aspek van infrastruktuur bly die Rekenpligtige Beampte of Rekenpligtige Gesag ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet No. 5 van 2000), of die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003).

(5) 'n Lid van 'n beheerkomitee moet tersaaklike kennis, vaardighede en ondervinding in sy of haar veld van werk hê ten einde die beheerkomitee in staat te stel om die beheerkomitee se werksaamhede doeltreffend en spoedig te verrig.

(6) 'n Lid van 'n beheerkomitee—

(a) het, behoudens artikel 20(4), die gesag om besluite namens die staatsorgaan wat hy of sy verteenwoordig, te neem, behalwe enige besluit om 'n goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling toe te staan; en

(b) het direkte toegang tot die hoof van die staatsorgaan wat hy of sy verteenwoordig, die Bestuurskomitee en die Sekretariaat en enige van sy lede.

(7) *(a)* 'n Lid van die beheerkomitee moet te alle tye beskikbaar wees om sy of haar werksaamhede as 'n lid van die beheerkomitee te verrig.

(b) Lidmaatskap van 'n beheerkomitee mag nie sonder die goedkeuring van die Raad gedelegeer word nie.

(8) Die Sekretariaat kan, by die aanvoer van goeie gronde en na 'n aanbeveling deur 'n beheerkomitee—

(a) bykomende lede tot die beheerkomitee aanstel; en

(b) die dienste van of bystand of advies van enige persoon verkry wat nie 'n lid van die komitee is nie.

(9) Die Raad kan op enige stadium van die inwerkingstelling van 'n strategiese geïntegreerde projek, die beheerkomitee herstig sodat die beheerkomitee die nodige vaardighede en deskundigheid wat vir die inwerkingstelling van daardie bepaalde fase benodig word, kan weerspieël.

(10) Die Sekretariaat moet 'n beheerkomitee by voltooiing van sy werksaamhede ontbind.

Onbevoegdheid van lidmaatskap van beheerkomitees, bekendmaking en misdrywe in verband daarmee

13. (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

"familielid" —

(a) iemand wat biologies of deur statutêre reg, met inbegrip van verwantskap deur die huwelik, aanneming of pleegsorg, of deur gewoontereg of geloofsreg of gebruik, met inbegrip van 'n man, vrou, ouer, broer of suster, kind, broers- of susterskind, oom, tante, eerste neef of niggie, grootouer en kleinkind, verwant is aan die lid van die beheerkomitee; of

(b) 'n lewensmaat;

"public office" means any appointment or position in the service of the state, a public entity or a national or provincial government component contemplated in the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999), and includes any such appointment or position in any legislative or executive organ of the state in any sphere of government or in any court contemplated in section 166 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.

(2) This section applies to a member of a steering committee who occupies a public office.

(3) A person who occupies a public office may not be appointed as a member of a steering committee or remain a member of such committee—

(a) if he or she or his or her family member would benefit financially, in any manner whatsoever whether directly or indirectly, from the strategic integrated project for which the steering committee was appointed; or

(b) if he or she or his or her family member has any direct or indirect interest in any business or organisation which is not owned by the State and which would in any manner whatsoever benefit financially from the strategic integrated project.

(4) If, after the appointment of a member of a steering committee, it appears that the member or a family member would benefit from or has an interest in any business or organisation which is not owned by the State and which would benefit from a strategic integrated project, as contemplated in subsection (3), the member must without delay—

(a) in writing disclose that fact to the steering committee and the Minister; and

(b) resign from the steering committee.

(5) A member of the steering committee may not be present or take part in the discussion of, or the taking of a decision on, any matter before the steering committee relating to the strategic integrated project for which the steering committee was appointed in which that member or his or her family member, business partner or associate has any direct or indirect financial interest.

(6) A member of a steering committee or his or her family member, business partner or associate, or an organisation or enterprise in which a member of the steering committee or his or her family member, business partner or associate has a direct or indirect interest, may not—

(a) offer goods or services or conduct any business in relation to the strategic integrated project for which the steering committee was appointed; or

(b) make improper use, in any manner whatsoever, of the position of member of a steering committee or of any information acquired by virtue of his or her position as a member of a steering committee.

(7) *(a)* Any member of a steering committee who fails to comply with subsection (4)*(a)* or *(b)* or who contravenes subsection (5) is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

(b) Any person who contravenes subsection (6) is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

(8) *(a)* Any former member of a steering committee who failed to comply with subsection (4)*(a)* or *(b)* or who contravened subsection (5) or (6) while he or she was a member of a steering committee commits an offence and is liable on conviction to a fine or to imprisonment not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

(b) Any person, other than the member, referred to in subsection (6), who contravened subsection (6) during the tenure of the former member, commits an offence and is liable on conviction to a fine or to imprisonment not exceeding five years or to both a fine and such imprisonment.

Functions of steering committees

14. (1) A steering committee must, for projects that fall within the state sector but that may be built or operated by either the public or private sector—

(a) identify the projects required for the implementation of a strategic integrated project;

(b) identify opportunities for local industrialisation, which include local job creation and local procurement of goods and services, as well as other opportunities, to ensure that the strategic integrated project contributes to the objects of this Act;

"openbare amp" enige aanstelling of posisie in diens van die Staat, 'n openbare entiteit of 'n nasionale of provinsiale regeringskomponent beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), en sluit in enige sodanige aanstelling of posisie in enige wetgewende of uitvoerende staatsorgaan in enige regeringsfeer of in enige hof in artikel 166 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, beoog.

(2) Hierdie artikel is van toepassing op 'n lid van 'n beheerkomitee wat 'n openbare amp beklee.

(3) 'n Persoon wat 'n openbare amp beklee mag nie as 'n lid van 'n beheerkomitee aangestel word of 'n lid van so 'n komitee bly nie—

(a) indien hy of sy of sy of haar familielid finansieel, op enige wyse ook al hetsy regstreeks of onregstreeks, voordeel sou trek uit die strategiese geïntegreerde projek waarvoor die beheerkomitee aangestel is; of

(b) indien hy of sy of sy of haar familielid enige regstreekse of onregstreekse belang in enige besigheid of organisasie het wat nie deur die Staat besit word nie en wat op enige wyse hoegenaamd finansieel uit die strategiese geïntegreerde projek sal voordeel trek.

(4) Indien, na die aanstelling van 'n lid van 'n beheerkomitee, dit blyk dat die lid of 'n familielid voordeel sou trek uit of 'n belang het in enige besigheid of organisasie wat nie deur die Staat besit word nie wat voordeel sou trek uit 'n strategiese geïntegreerde projek, soos in subartikel (3) beoog, moet die lid onverwyld—

(a) daardie feit skriftelik aan die beheerkomitee en die Minister bekend maak; en

(b) uit die beheerkomitee bedank.

(5) 'n Lid van die beheerkomitee mag nie teenwoordig wees by of deelneem nie in die bespreking van, of die neem van 'n besluit oor, enige aangeleentheid voor die beheerkomitee rakende die strategiese geïntegreerde projek waarvoor die beheerkomitee aangestel is waarin daardie lid of sy of haar familielid, sakevennoot of medewerker enige regstreekse of onregstreekse finansiële belang het.

(6) 'n Lid van 'n beheerkomitee of sy of haar familielid, sakevennoot of medewerker, of 'n organisasie of onderneming waarin 'n lid van die beheerkomitee of sy of haar familielid, sakevennoot of medewerker 'n regstreekse of onregstreekse belang het, mag nie—

(a) goedere of dienste bied of enige sake doen in verband met die strategiese geïntegreerde projek waarvoor die beheerkomitee aangestel is nie; of

(b) onbehoorlike gebruik maak, op enige wyse hoegenaamd, van die posisie van 'n lid van 'n beheerkomitee of van enige inligting wat uit hoofde van sy of haar posisie as 'n lid van 'n beheerkomitee, verkry is nie.

(7) *(a)* 'n Lid van 'n beheerkomitee wat versuim om aan subartikel (4)*(a)* of *(b)* te voldoen of wat subartikel (5) oortree is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens vyf jaar of met 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

(b) 'n Persoon wat subartikel (6) oortree is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens vyf jaar of met 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

(8) *(a)* Enige voormalige lid van 'n beheerkomitee wat versuim het om aan subartikel (4)*(a)* of *(b)* te voldoen of wat subartikel (5) of (6) oortree het terwyl hy of sy 'n lid van 'n beheerkomitee was, pleeg 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens vyf jaar of met 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

(b) 'n Persoon, behalwe die lid, in subartikel (6) bedoel, wat subartikel (6) tydens die ampstermyn van die voormalige lid oortree het, pleeg 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf van hoogstens vyf jaar of met 'n boete sowel as sodanige gevangenisstraf.

Werksaamhede van beheerkomitees

14. (1) 'n Beheerkomitee moet, vir projekte wat in die staatsektor val maar wat deur óf die openbare óf die private sektor gebou of bedryf kan word—

(a) die projekte identifiseer wat nodig is vir die inwerkingstelling van 'n strategiese geïntegreerde projek;

(b) geleenthede identifiseer vir plaaslike industrialisasie, wat plaaslike werkskepping en plaaslike verkryging van goedere en dienste insluit, asook ander geleenthede, om te verseker dat die strategiese geïntegreerde projek tot die oogmerke van hierdie Wet bydra;

(c) develop and adopt one or more project plans, including feasibility, financial, procurement, operational and maintenance plans, setting out actions, targets and periods of time for the strategic integrated project and submit the plans to the Commission for approval;

(d) identify and ensure compliance with the laws applicable to the strategic integrated project;

(e) determine the approvals, authorisations, licences, permissions or exemptions required to implement the strategic integrated project;

(f) ensure that all appropriate persons are appointed as members of the steering committee;

(g) take all reasonable steps that will assist any relevant authority required to decide an approval, authorisation, license, permission or exemption to take such decision;

(h) facilitate the implementation of the strategic integrated project;

(i) report on a monthly basis progress on all phases of the planning, development and implementation of a strategic integrated project to the Secretariat and make such other reports as the Secretariat may request; and

(j) bring to the attention of the Secretariat challenges or matters that it is unable to resolve for resolution or direction, including proposed remedial actions for consideration by the Secretariat.

(2) Each member of the steering committee must evaluate the strategic integrated project from the perspective of his or her area of expertise and—

(a) identify what is required for the expeditious and effective implementation;

(b) identify challenges presented by the strategic integrated project that will impede or delay the implementation of the project, and identify associated remedial actions required;

(c) identify amendments required to the strategic integrated project to ensure proper implementation; and

(d) identify the amendments required to be effected to the strategic integrated project to ensure compliance with applicable laws.

(3) The Secretariat may issue guidelines relating to the manner in which effect must be given to subsections (1) and (2).

Approvals, authorisations, licences, permissions and exemptions

15. (1) *(a)* When the steering committee has identified the approvals, authorisations, licences, permissions and exemptions required to enable the implementation of the strategic integrated project, it shall inform, without any delay, the applicant to submit all applications simultaneously to allow for concurrent consideration by the persons authorised by the relevant laws to take the applicable decisions.

(b) Notwithstanding paragraph *(a)*, an application which cannot be submitted simultaneously because prior authorisation is required, must be submitted at the earliest opportunity after such authorisation is obtained.

(2) A member of the steering committee referred to in section 12(1)*(a)*, must do everything possible within his or her power to ensure that an application—

(a) complies with applicable legislative and other requirements; and

(b) includes all relevant information to enable the relevant authority to consider the application without delay.

(3) A member of the steering committee referred to in section 12(1)*(a)* must monitor the processing of the application and report to the steering committee any undue delays and regulatory concerns emerging for exploration or consideration of solutions thereto.

(4) If the approval, authorisation, licence, permission or exemption is not granted the relevant authority must provide reasons for such refusal to the steering committee and the applicant.

(5) The steering committee must, without delay, report to the Secretariat the outcomes of all applications for approvals, authorisations, licences, permissions and exemptions.

(c) een of meer projekplanne ontwikkel en aanvaar, met inbegrip van haalbaarheids-, finansiële, verkrygings- bedryfs- en instandhoudingsplanne ontwikkel en aanneem waarin stappe, teikens en tydperke vir die strategiese geïntegreerde projek uiteengesit word en die planne aan die Kommissie voorlê vir goedkeuring;

(d) die wette van toepassing op die strategiese geïntegreerde projek identifiseer en voldoening daaraan verseker;

(e) die goedkeurings, magtiging, lisensies, toestemmings en vrystellings vasstel wat nodig is om die strategiese geïntegreerde projek in werking te stel;

(f) verseker dat alle gepaste persone as lede van die beheerkomitee aangestel word;

(g) alle redelike stappe doen wat enige tersaaklike owerheid wat moet beslis oor 'n goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling, sal help om die besluit te neem;

(h) die inwerkingstelling van die strategiese geïntegreerde projek vergemaklik;

(i) maandeliks aan die Sekretariaat verslag doen oor vordering met alle fases van die beplanning, ontwikkeling en inwerkingstelling van 'n strategiese geïntegreerde projek en sodanige ander verslae lewer wat die Sekretariaat versoek; en

(j) uitdagings of aangeleenthede wat hy nie kan oplos nie, onder die aandag van die Sekretariaat bring vir beslissing of leiding, met inbegrip van voorgestelde regstellende stappe vir oorweging deur die Sekretariaat.

(2) Elke lid van die beheerkomitee moet die strategiese geïntegreerde projek uit die perspektief van sy of haar gebied van kundigheid evalueer en—

(a) identifiseer wat vir vinnige en doeltreffende inwerkingstelling vereis word;

(b) uitdagings identifiseer wat die strategiese geïntegreerde projek bied wat die inwerkingstelling van die projek sal belemmer of vertraag, en die verwante regstellende stappe identifiseer wat vereis word;

(c) wysigings aan die strategiese geïdentifiseerde projek identifiseer wat nodig is om behoorlike inwerkingstelling te verseker; en

(d) die wysigings identifiseer wat aan die strategiese geïntegreerde projek gemaak moet word om voldoening aan toepaslike wette te verseker.

(3) Die Sekretariaat kan riglyne uitreik oor die wyse waarop gevolg aan subartikels (1) en (2) gegee moet word.

Goedkeurings, magtigings, lisensies, toestemmings en vrystellings

15. (1) *(a)* Wanneer die beheerkomitee die goedkeurings, magtigings, lisensies, toestemmings en vrystellings geïdentifiseer het wat benodig word om die inwerkingstelling van die strategiese geïntegreerde projek moontlik te maak, moet hy die aansoeker onverwyld verwittig om alle aansoeke gelyktydig voor te lê vir gesamentlike oorweging deur die persone wat deur die tersaaklike wette gemagtig is om die toepaslike besluite te neem.

(b) Ondanks paragraaf *(a)*, moet 'n aansoek wat nie gelyktydig voorgelê kan word nie omdat vooraf goedkeuring benodig word, so gou as moontlik voorgelê word nadat sodanige magtiging verkry is.

(2) 'n Lid van die beheerkomitee in artikel 12(1)*(a)* bedoel, moet alles moontlik in sy of haar vermoë doen om te verseker dat 'n aansoek—

(a) voldoen aan toepaslike wetgewende en ander vereistes; en

(b) alle tersaaklike inligting insluit om die tersaaklike owerheid in staat te stel om die aansoek onverwyld te oorweeg.

(3) 'n Lid van die beheerkomitee in artikel 12(1)*(a)* bedoel, moet die verwerking van die aansoek monitor en aan die beheerkomitee verslag doen oor enige onbehoorlike oponthoude en reguleringskwessies wat na vore kom vir verkenning of oorweging van oplossings daarvoor.

(4) Indien die goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling nie toegestaan word nie, moet die tersaaklike owerheid redes vir sodanige weiering aan die beheerkomitee en die aansoeker verstrek.

(5) Die beheerkomitee moet, onverwyld, aan die Sekretariaat verslag doen oor die uitslae van alle aansoeke om goedkeurings, magtigings, lisensies, goedkeurings en vrystellings.

Steering committees and procedures

16. (1) The Council may determine any matter necessary for the proper functioning of steering committees.

(2) Subject to subsection (1), a steering committee may determine its own procedures to be followed at its meetings.

(3) *(a)* The Minister who chairs a strategic integrated project contemplated in this Act must cause to provide a steering committee with such secretarial or administrative support and with accommodation and work related facilities as may reasonably be required for the proper functioning of the steering committee or may, by agreement with the Minister, request the Department to provide such facilities and support.

(b) The costs relating to the functioning of a steering committee are borne by the Department of the Minister who chairs unless otherwise agreed as set out in paragraph *(a)*.

Part 5

Processes

Processes relating to implementation of strategic integrated projects

17. (1) Whenever any strategic integrated project is implemented in terms of this Act any processes relating to such implementation, including processes relating to any application for any approval, authorisation, licence, permission or exemption and processes relating to any consultation and participation required by the relevant laws must, as far as it is possible and in order to expedite the matter, run concurrently.

(2) Notwithstanding any other law, the processes set out in Schedule 2 provide a framework and guide for the implementation of any strategic integrated project, but the time-frames in Schedule 2 may not be exceeded.

(3) An executing authority may extend the period for completing any process listed in Schedule 2 involving public consultation if the relevant official makes a written request to the executing authority, provided that the relevant executing authority shall inform the Council within five days of such decision, with reasons for the extension.

(4) No decision made in respect of any matter contemplated by subsection (1) is invalid merely because it was made outside the relevant period in Schedule 2 or any extended period in terms of subsection (3).

Environmental assessments

18. Whenever an environmental assessment is required in respect of a strategic integrated project, such assessment must be done in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), with specific reference to Chapter 5.

Part 6

General provisions

Reporting by Minister

19. (1) The Minister must, on a quarterly basis, report to the Council and to the Management Committee on each strategic integrated project.

(2) The report contemplated in subsection (1) must be in the form and contain the information determined by the Council.

Delegation and assignment

20. (1) The Minister may delegate or assign any power granted to or duty imposed upon him or her in terms of this Act to an officer in the Department, except the power to make regulations.

Beheerkomitees en prosedures

16. (1) Die Raad kan enige aangeleentheid bepaal wat nodig is vir die behoorlike werking van beheerkomitees.

(2) Behoudens subartikel (1), kan 'n beheerkomitee self die prosedures wat by die beheerkomitee se vergaderings gevolg moet word, bepaal.

(3) *(a)* Die Minister wat die voorsitter is van 'n strategiese geïntegreerde projek in hierdie Wet beoog, moet 'n beheerkomitee van sodanige sekretariële of administratiewe ondersteuning asook akkommodasie en werkverwante fasiliteite laat voorsien wat redelik benodig kan word vir die behoorlike funksionering van die beheerkomitee of kan, by ooreenkoms met die Minister, versoek dat die departement sodanige fasiliteite en ondersteuning voorsien.

(b) Die kostes wat met die funksionering van 'n beheerkomitee verband hou, word gedra deur die Departement van die Minister wat voorsit, tensy anders ooreengekom soos in paragraaf *(a)* uiteengesit.

Deel 5

Prosesse

Prosesse in verband met inwerkingstelling van strategiese geïntegreerde projekte

17. (1) Wanneer enige strategiese geïntegreerde projek ingevolge hierdie Wet in werking gestel word, moet enige prosesse wat met sodanige inwerkingstelling verband hou, met inbegrip van prosesse wat verband hou met enige aansoek om goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling en prosesse wat verband hou met enige oorlegpleging en deelname, so ver moontlik en ten einde die aangeleentheid te bespoedig, gelyktydig geskied.

(2) Ondanks enige ander wet, voorsien die prosesse in Bylae 2 uiteengesit 'n raamwerk en riglyne vir die inwerkingstelling van enige strategiese geïntegreerde projek, maar die tydsbestekke in Bylae 2 mag nie oorskry word nie.

(3) 'n Uitvoerende owerheid kan die tydperk verleng vir die voltooiing van enige proses in Bylae 2 gelys wat openbare raadpleging behels indien die tersaaklike beampte 'n skriftelike versoek aan die uitvoerende owerheid rig, met dien verstande dat die tersaaklike uitvoerende owerheid die Raad binne vyf dae van sodanige besluit sal verwittig, met redes vir die verlenging.

(4) Geen besluit geneem ten opsigte van enige aangeleentheid deur subartikel (1) beoog is ongeldig bloot omdat dit buite die tersaaklike tydperk in Bylae 2 of enige verlengde tydperk ingevolge subartikel (3), geneem is nie.

Omgewingsbepalings

18. Wanneer 'n omgewingsbepaling ook al ten opsigte van 'n strategiese geïntegreerde projek vereis word, moet sodanige bepaling gedoen word ooreenkomstig die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998), met bepaalde verwysing na Hoofstuk 5.

Deel 6

Algemene bepalings

Verslagdoening deur Minister

19. (1) Die Minister moet, kwartaalliks, aan die Raad en aan die Bestuurskomitee verslag doen oor elke strategiese geïntegreerde projek.

(2) Die verslag in subartikel (1) beoog, moet in die vorm wees en die inligting bevat wat die Raad bepaal.

Delegering en toewysing

20. (1) Die Minister kan enige bevoegdheid aan hom of haar toegestaan of plig aan hom of haar opgelê ingevolge hierdie Wet aan 'n beampte in die Departement delegeer, behalwe die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig.

(2) A power or duty so delegated or assigned must be exercised or performed in accordance with the directions of the Minister, who may at any time withdraw such delegation.

(3) A delegation or assignment under subsection (1) does not prevent the Minister from exercising the power or performing the duty in question himself or herself.

(4) *(a)* Subject to paragraph *(c)*, a member of a steering committee may exercise or perform any power or duty on behalf of the organ of state he or she represents, if such power or duty is delegated or assigned to the member of the steering committee by virtue of any law.

(b) The head of an organ of state may, for the purposes of paragraph *(a)* and in so far as legislation administered by that organ of state does not provide for a delegation or assignment of a power or duty contemplated in that paragraph, delegate or assign the power or duty to the relevant member of the steering committee by virtue of this subsection.

(c) The power to grant an approval, authorisation, licence, permission or exemption may not be delegated in terms of this section.

Regulations, guidelines and targets

21. (1) The Minister may, in consultation with the Council, make regulations regarding—

(a) any matter that may or must be prescribed in terms of this Act;

(b) the criteria that must be applied in the implementation of a strategic integrated project, relating to—

(i) skills development;
(ii) Green Economy;
(iii) employment creation;
(iv) youth employment;
(v) rural development;
(vi) Broad-Based Black Economic Empowerment, in particular in relation to women and persons with disabilities; and
(vii) local industrialisation;

(c) the monetary values in respect of strategic integrated projects, contemplated in section 7;

(d) subject to section 22, transitional arrangements applicable to strategic integrated projects in existence immediately prior to the date of commencement of this Act, which projects are listed in Schedule 3; and

(e) generally, any ancillary or incidental administrative or procedural matter which is necessary or expedient to prescribe for the proper implementation or administration of this Act.

(2) Notwithstanding subsection (1), the Minister may set guidelines or targets relating to criteria set out in subsection (1)*(b)*.

(3) The Minister must consult with the relevant Minister in making regulations relating to the criteria set out in subsection (1)*(b)*, or in setting guidelines or targets relating to the criteria set out in that subsection.

Transitional arrangements and savings

22. (1) The strategic integrated projects which exist when this Act commences, listed in Schedule 3, are deemed to be strategic integrated projects contemplated in section 8(1)*(a)* with effect from the commencement date of this Act.

(2) Any SIP coordinator, steering or technical committee which had been appointed in respect of a strategic integrated project prior to the commencement of this Act and which existed immediately prior to the date of commencement of this Act continues to exist and must be regarded as having been appointed in terms of this Act.

Short title and commencement

23. This Act is called the Infrastructure Development Act, 2014, and takes effect on a date determined by the President by proclamation in the *Gazette*.

(2) 'n Bevoegdheid of plig wat aldus gedelegeer of toegewys is, moet ooreenkomstig die Minister se opdragte uitgeoefen of verrig word, welke Minister sodanige delegering te eniger tyd kan intrek.

(3) 'n Delegering of toewysing kragtens subartikel (1) weerhou die Minister nie daarvan om die betrokke bevoegdheid of plig self uit te oefen of te verrig nie.

(4) *(a)* Behoudens paragraaf *(c)*, kan 'n lid van 'n beheerkomitee enige bevoegdheid of plig namens die staatsorgaan wat hy of sy verteenwoordig, uitvoer of verrig, indien sodanige bevoegdheid of plig uit hoofde van enige wet deur die beheerkomitee aan die lid van die beheerkomitee gedelegeer of toegewys is.

(b) Die hoof van 'n staatsorgaan kan, by die inwerkingstelling van paragraaf *(a)* en in soverre wetgewing deur daardie staatsorgaan geadministreer nie voorsiening maak vir 'n delegering of toewysing van 'n bevoegdheid of plig in daardie paragraaf beoog nie, die bevoegdheid of plig delegeer of toewys aan die tersaaklike lid van die beheerkomitee uit hoofde van hierdie subartikel.

(c) Die bevoegdheid om 'n goedkeuring, magtiging, lisensie, toestemming of vrystelling toe te staan mag nie ingevolge hierdie artikel gedelegeer word nie.

Regulasies, riglyne en teikens

21. (1) Die Minister kan, in oorleg met die Raad, regulasies uitvaardig aangaande—

(a) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word;

(b) die maatstawwe wat toegepas moet word in die inwerkingstelling van 'n strategiese geïntegreerde projek, in verband met—

(i) vaardigheidsontwikkeling;
(ii) Groen Ekonomie;
(iii) werkskepping;
(iv) werkverskaffing vir die jeug;
(v) landelike ontwikkeling;
(vi) Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging, in die besonder in verband met vroue en persone met gestremdhede; en
(vii) plaaslike industrialisasie;

(c) die geldwaardes ten opsigte van strategiese geïntegreerde projekte, in artikel 7 beoog;

(d) behoudens artikel 22, oorgangsbepalings van toepassing op strategiese geïntegreerde projekte wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet bestaan, welke projekte in Bylae 3 gelys is; en

(e) oor die algemeen, enige bykomende of insidentele administratiewe of prosedurele aangeleentheid wat nodig of raadsaam is om voor te skryf vir die behoorlike inwerkingstelling of administrasie van hierdie Wet.

(2) Ondanks subartikel (1), kan die Minister riglyne of teikens stel in verband met kriteria in subartikel (1)*(b)* uiteengesit.

(3) Die Minister moet met die tersaaklike Minister oorleg pleeg in die uitvaardiging van regulasies aangaande die kriteria in subartikel (1)*(b)* uiteengesit, of in die stel van riglyne of teikens in verband met kriteria in daardie subartikel uiteengesit.

Oorgangsbepalings en voorbehoude

22. (1) Die strategiese geïntegreerde projekte wat bestaan wanneer hierdie Wet in werking tree, in Bylae 3 gelys, word geag strategiese geïntegreerde projekte in subartikel 8(1)*(a)* beoog te wees, met gevolg vanaf die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet.

(2) Enige SIP-koördineerder, beheer- of tegniese komitee wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ten opsigte van 'n strategiese geïntegreerde projek aangestel is en wat onmiddellik voor die inwerkingtredingsdatum van hierdie Wet bestaan het, bestaan voort en moet geag word ingevolge hierdie Wet aangestel te wees.

Kort titel en inwerkingtreding

23. Hierdie Wet heet die Wet op Infrastruktuurontwikkeling, 2014, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

SCHEDULE 1

(Section 7(1)(a))

Public installations, structures, facilities, systems, services or processes in respect of which projects may be designated as strategic integrated projects

National and international airports

Communication and information technology installations

Education institutions

Electricity transmission and distribution

Health care facilities

Human settlements and related infrastructure and facilities

Economic facilities

Mines

Oil or gas pipelines, refineries or other installations

Ports and harbours

Power stations or installations for harnessing any source of energy

Productive rural and agricultural infrastructure

Public roads

Public transport

Railways

Sewage works and sanitation

Waste infrastructure

Water works and water infrastructure

BYLAE 1

(Artikel 7(1)(a))

Openbare installasies, strukture, fasiliteite, stelsels, dienste of prosesse ten opsigte waarvan projekte as strategiese geïntegreerde projekte aangewys kan word

Nasionale en internasionale lughawens

Kommunikasie en inligtingstegnologie installasies

Opvoedkundige instellings

Elektrisiteitstransmissie en distribusie

Gesondheidsorgfasiliteite

Menslike nedersettings en verwante infrastruktuur en fasiliteite

Ekonomiese fasiliteite

Myne

Olie of gaspyplyne, affineerderye of ander installasies

Hawens

Kragstasies of installasies waar enige energiebron ingespan word

Produktiewe landelike en landbou-infrastruktuur

Openbare paaie

Spoorweë

Rioolwerke en sanitasie

Afvalinfrastruktuur

Waterwerke en waterinfrastruktuur

SCHEDULE 2

(Section 17(2))

Process and periods of time

1. Period for submitting application and project plan measured from approval by steering committee of project plan.	7 days
2. Period for public consultation on the application and project plan.	30 days
3. Period for application and project plan to be amended and submitted to the relevant authority for consideration and approval.	52 days
4. Period for submission to the relevant authority of detailed development and mitigation plan based on an approved project plan	60 days
5. Period for public consultation on the development and mitigation plan and review by relevant authority.	44 days
6. Period for relevant authority to consider and assess development and mitigation plan and make final regulatory decision.	57 days

BYLAE 2

(Artikel 17(2))

Proses en tydperke

1. Tydperk vir voorlegging van aansoek en projekplan gemeet vanaf goedkeuring van projekplan deur beheerkomitee.	7 dae
2. Tydperk vir openbare raadpleging oor die aansoek en projekplan.	30 dae
3. Tydperk vir aansoek en projekplan om gewysig en vir oorweging en goedkeuring aan die tersaaklike owerheid voorgelê te word.	52 dae
4. Tydperk vir voorlegging aan die tersaaklike owerheid van uitvoerige ontwikkelings- en versagtingsplan gegrond op 'n goedgekeurde projekplan.	60 dae
5. Tydperk vir openbare raadpleging oor die ontwikkelings- en versagtingsplan en hersiening deur tersaaklike owerheid.	44 dae
6. Tydperk vir tersaaklike owerheid om ontwikkelings- en versagtingsplan te oorweeg en te assesseer en finale reguleringbesluit te neem.	57 dae

SCHEDULE 3

(Section 22(1))

Strategic integrated projects which exist when this Act commences

1. SIP 1: Unlocking the northern mineral belt with Waterberg as catalyst
2. SIP 2: Durban-Free State-Gauteng logistics and industrial corridor
3. SIP 3: South-Eastern node and corridor development
4. SIP 4: Unlocking the economic opportunities in the North West Province
5. SIP 5: Saldanha-Northern Cape development corridor
6. SIP 6: Integrated municipal infrastructure project
7. SIP 7: Integrated urban space and public transport programme
8. SIP 8: Green energy in support of the South African economy
9. SIP 9: Electricity generation to support socio-economic development
10. SIP 10: Electricity transmission and distribution for all
11. SIP 11: Agri-logistics and rural infrastructure
12. SIP 12: Revitalisation of public hospitals and other health facilities
13. SIP 13: National school build programme
14. SIP 14: Higher education infrastructure
15. SIP 15: Expanding access to communication technology
16. SIP 16: SKA and Meerkat
17. SIP 17: Regional integration for African cooperation and development
18. SIP 18: Water and sanitation infrastructure

BYLAE 3

(Artikel 22(1))

Strategiese geïntegreerde projekte wat bestaan wanneer hierdie Wet in werking tree

1. SIP 1: Ontsluiting van die noordelike mineralebelt met die Waterberg as katalisator
2. SIP 2: Durban-Vrystaat-Gauteng logistieke en nywerheidskorridor
3. SIP 3: Suid-oostelike nodalepunt- en korridorontwikkeling
4. SIP 4: Ontsluiting van die ekonomiese geleenthede in die Noord-Wes Provinsie
5. SIP 5: Saldanha-Noord-Kaap ontwikkelingskorridor
6. SIP 6: Geïntegreerde munisipale infrastruktuurprojek
7. SIP 7: Geïntegreerde stedelike ruimte- en openbare vervoerprogram
8. SIP 8: Groen energie ter ondersteuning van die Suid-Afrikaanse ekonomie
9. SIP 9: Elektrisiteitsgenerering ter ondersteuning van sosio-ekonomiese ontwikkeling
10. SIP 10: Elektrisiteitstransmissie en distribusie vir almal
11. SIP 11: Agri-logistiek en landelike infrastruktuur
12. SIP 12: Vernuwing van openbare hospitale en ander gesondheidsgeriewe
13. SIP 13: Nasionale skoolbouprogram
14. SIP 14: Infrastruktuur vir hoër onderwys
15. SIP 15: Uitbreiding van toegang tot kommunikasietegnologie
16. SIP 16: SKA en Meerkat
17. SIP 17: Streeksintegrasie vir Afrika-samewerking en ontwikkeling
18. SIP 18: Water- en sanitasie-infrastruktuur